Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Moya Paterson**
Direktoraat: Inrigtingshulpbronondersteuning
Moya.Paterson@westerncape.gov.za | 021 467 2140

Lêerno.: 6/2/2/1
Verwysing: 20250203 - 288

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0002/2025

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van alle onderwysinrigtings

**Onderwerp: Riglyne vir die verkryging van meubels en toerusting vir 2026**

1. **Prosedure vir die prioritisering en verkryging van meubels en toerusting vir skole**

1.1 Die aangehegte meubelkatalogus (Bylae A) sluit 30 meubelstukke en 22 toerusting-komponente vir skole in. Skole moet alle versoeke vir meubels en toerusting op die gepaste vorms voltooi en dit teen 21 Februarie 2025 by hul tersaaklike kringbestuurder indien.

1.2 Versoeke vir meubels moet op die WKOD 026A-vorm (Bylae B) aangevra en deur alle tersaaklike ondertekenaars onderteken word.

1.3 Versoeke vir toerusting moet op die WKOD se 026B-vorm (Bylae C) aangevra en behoorlik deur alle tersaaklike ondertekenaars onderteken word.

1.4 Die 22 toerusting-komponente moet slegs deur skole bestel word wat stukkende of beskadigde houtmeubelment het wat hulle wil laat herstel of opknap.

1.5 Gedelegeerde distriksamptenare sal versoeke vir meubels en toerusting in elke kring evalueer en 'n prioriteitslys, in ooreenstemming met die beskikbare begroting, saamstel. Hierdie prioriteitslys sal teen 14 Maart 2025 vir goedkeuring aan die Hoofdirektoraat: Distrikte gestuur word.

1.6 Die gedelegeerde amptenare by distrikskantore sal skole skriftelik in kennis stel of hul versoeke goedgekeur, gewysig of afgekeur is.

1.7 Skole moet met hul onderskeie kringbestuurders opvolg om navraag te doen oor watter meubels of toerusting prioriteit geniet.

1.8 Die plasing van bestellings vir goedgekeurde meubels en toerusting sal 08 April 2025 begin.

2. **Waarborgtydperk en beskadigde meubels**

2.1 Die meubels en toerusting het 'n waarborgtydperk van een jaar vanaf die datum van aflewering by skole.

2.1.1 Skole wat beskadigde of stukkende meubels en toerusting ontvang moet binne 90 dae ná die aflewering daarvan Hoofkantoor in kennis stel deur 'n skriftelike verslag by Moya.Paterson@westerncape.gov.za in te dien.

2.1.2 Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement sal met die verskaffer skakel om so gou moontlik vervangings te reël.

2.2 Beskadigde meubels of toerusting wat nog herstel kan word, moet gestoor word om verdere skade te voorkom.

2.3 Skole kan komponente uit die meubelkatalogus bestel om enige defekte of beskadigde meubels wat hulle het, te herstel.

2.4 Indien skole meubels direk by die verskaffer bestel, sal die skool aanspreeklik wees vir betaling van hierdie bestellings.

2.5 Skole kan gebruik maak van hul jaarlikse norme-en-standaarde-toekennings en skoolfondse vir die aankoop en/of instandhouding van meubels en toerusting wat nie deur hul distrikskantoor geprioritiseer is nie.

3. **Bestuur van meubels en toerusting by skole**

3.1 Skole moet 'n verkrygingskomitee saamstel wat daarvoor verantwoordelik sal wees om bygewerkte rekords van meubels en toerusting te hou en die toestand daarvan na te gaan.

4. **SOBIS**

4.1 Alle meubels en toerusting wat by skole afgelewer word, sal deur die personeel op die skool voorraadlys geplaas word.

4.2 Skole moet hul voorraadrekords bywerk, wat addisionele meubels wat uit hul eie fondse aangekoop is, asook voorraad voorhande, beskikkings en tekorte moet insluit.

4.3 Hierdie rekords moet deur skole gebruik word om die behoefte aan die aanvulling van meubels en toerusting te bepaal.

4.4 Om bates teen diefstal te beskerm, word skole aangemoedig om alle meubels en toerusting duidelik te merk.

5. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle tersaaklike personeel te bring.

**GETEKEN:** MS ABRAHAMS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**
**DATUM:** 2025-02-11